JOHANNESBURG EAST DISTRICT

DISTRIK EKSAMEN

GRAAD 12

AFRIKAANS HUISTAAL

VRAESTEL 1

JUNIE 2012

PUNTE: 70
TYD: 2 UUR

Hierdie VRAESTEL bestaan uit 11 bladsye.

GDO DISTRIK D9 AFRIKAANS HUISTAAL
GRAAD 12 JUNIE EKSAMEN
VRAESTEL 1

INSTRUKSIES EN INLIGTING

INSTRUKSIES:

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings.

   AFDELING A: LEESBEGRIP (30 PUNTE)

   AFDELING B: OPSOMMING (10 PUNTE)

   AFDELING C: TAAL (30 PUNTE)

2. Lees ALLE instruksies sorgvuldig deur.

3. Beantwoord AL die vrae.

4. Begin ELKE AFDELING op ‘n NUWE bladsy.

5. Trek ‘n streep na elke afdeling.

6. Nommer elke antwoord presies soos wat die vrae op die vraestel genommer is.

7. Laat ‘n reël oop na elke antwoord.

8. Skryf netjies en leesbaar.

9. Skryf met ‘n BLOU PEN.

10. Skenk veral aandag aan spelling en sinskonstruksies.

AFDELING A: LEESBEGRIP

Vraag 1

Lees die onderstaande berig uit Rapport (28 Januarie 2012) goed deur en beantwoord die vrae wat daarna volg.

Renoster-DNS kan stropery hokslaan

SUNé KITSHOFF IN KAAPSTAD

1. DNS-monsters van Suid-Afrika se sowat 20 000 renosters op 'n databasis kan beter resultate tot gevolg hê om die meesterbreine agter die smokkelhandel in renosters vas te trek.

2. Volgens dr. Kobus du Toit, 'n onafhanklike navorser, verskaf 'n bloedmonster die nodige inligting om 'n renosterhoring (wat wederregtelik bekom is) te koppel aan die dier en waar die dier vandaan kom.

3. Du Toit het Donderdag gedurende openbare verhore by die parlement om oplossings te vind vir die "lae-intensiteit-guerilla-oorlog" teen renosters in die land gesê die horing verklap selfs die soort grond waar die renoster geswerf het.

4. "Die databasis is daar, dis reeds betaal, ons vra net die regering om dit operasioneel in gebruik te neem," het hy in 'n pleidooi aan die departement van omgewingsake gesê. Deelname is tans vrywillig en nog net een uit vyf renosters se monsters is in die databasis vervat.

5. Die databasis is met private finansiering geskep op aanvraag van die Valke, wat beter inligting wou bekom om stropery te beveg. DNS-bewyse word tans in drie hofsake gebruik, waaronder in die hofsaak teen mnr. Dawie Groenewald, vermeende meesterbrein van renostersmokkelary.

6. Dr. Mike Knight van die Suider-Afrikaanse Ontwikkelingsgemeenskap (SAOG) se renosterbestuurgroep het gesê dat 'n nasionale en geïntegreerde databasis en 'n gesentraliseerde permitstelsel (om knoeiwerk en korrupsie op plaaslike vlak uit te skakel) dadelik openinge in 'n gebrekkige stelsel sal toestop. So 'n databasis sal inligting berg oor renostergetalle, hul bewegings, opgehoopte horingvoorraad en jagters.

7. Mnr. Fundisile Mketeni, adjunk-direkteur-generaal aan die stuur van biodiversiteit en natuurbewaring, het gesê dat DNS-monsters vir die departement 'n oplossing is en dat dié oplossing aandag geniet.

8. Adv. Johnny de Lange, ANC-voorsitter van die portefeuljekomitee oor omgewingsake, het die departement gevra om maatstawwe so gou doenlik in werking te stel om onder meer DNS-insameling verpligtend te maak.

9. Hy het die departement ook herinner aan die batebeslagleggingseenheid wat ingespan kan word om die strop nouer om meersterbreine se bedrywighede te trek. Tans word stropers op heterdaad betrap, maar sindikate word nie oopgevlek nie.

10. Volgens Mketeni is die onwettige handel in renosterhorings gekoppel aan groter sindikaatmisdade waaronder moontlike onwettige wapenhandel. Die departement werk tans aan strenger regulasies om meer bevoegdheid te eien oor die beheer van renosterjag, hetsy deur jagters, pseudo-jagters of stropers. 'n Pseudo-jagter is iemand wat 'n wettige lisensie bekom om renosters te jag net om die horing onwettig te verkwansel.

11. Voortaan sal die departement nie permitte uitreik aan buitelanders afkomstig van lande sonder omgewingswetgewing wat renosterjag beheer nie.

Drie moontlike opsies:

Die openbare verhore by die parlement die afgelope week oor oplossings vir renosterstropery en onwettige handel van renosterhorings en bykans 40 voorleggings het in die breë drie opsies uitgelig:

1. * Beter beheermaatreëls (soos databasisse vir DNS, opgehoopte voorraad renosterhorings en 'n gesentraliseerde permitkantoor), meer kommunikasieveldtogte en doelgerigte diplomatieke onderhandelings, veral met Suidoos-Asië moet onderneem word. Grensbeheer moet verbeter word met geëlektrifiseerde heinings en seine wat enige versteuring registreer.

2. * Beperkte handel in renosterhorings as 'n teenstropery-meganisme. Die renosterhorings sal net kom van renosters wat in natuurlike omstandighede dood is.

3. * Wettig die handel in renosterhorings en –produkte. In 'n vrye mark sal die aanvraag verminder en pryse sal normaliseer.

1.1. Skryf die opskrif oor en vervang “hokslaan” met ‘n ander gepaste woord. (1)

1.2. Watter belangrike inligting verskaf ‘n bloedmonster? Noem twee dinge. (2)

1.3. Watter woord in paragraaf 2 beteken om iets op ‘n onwettige wyse te bekom? (1)

1.4. Volgens dr. Du Toit verklap die renosterhoring selfs die soort grond waar die renoster geswerf het.

1.4.1. Is dit ‘n feit of ‘n mening? (1)

1.4.2. Motiveer jou antwoord in 1.4.1. (1)

1.5. Wie word verdink as een van die “baasbreine” van renostersmokkelary? (1)

1.6. Wat is volgens die leesstuk belangrike inligting wat tans gebruik word in hofsake teen smokkelaars? (par. 5) (1)

1.7. Hoekom voel dr. Mike Knight dat ‘n gesentraliseerde permitstelsel in werking gestel moet word? (1)

1.8. Watter woord in paragraaf 6 bewys dat die SAOG se stelsel nog baie leemtes het? (1)

1.9. Noem drie soorte inligting wat volgens die leesstuk op ‘n databasis gestoor kan word. (3)

1.10. Haal drie opeenvolgende woorde uit die leesstuk aan wat beteken dat iemand gevang word terwyl hy besig is met die misdaad. (1)

1.11. Wat is die verskil tussen ‘n gewone jagter en ‘n pseudo-jagter volgens paragraaf 10? (2)

1.12. Hoekom word permitte nie aan sekere lande uitgereik nie? (1)

1.13. Is die volgende stelling WAAR of ONWAAR? Motiveer jou antwoord met ‘n sin uit die leesstuk.

Een van die moontlike oplossings vir renosterstropery is om toe te laat dat renosterhorings en ander renosterprodukte verkoop word. (1)

[18]

EN

Kyk na die volgende grafiek oor renosterstropery en beantwoord die vrae.



1.14. Waar is die meeste renosterhorings gestroop? (1)

1.15. In watter provinsie is die meeste arrestasies gemaak? (1)

1.16. Watter provinsie het die minste probleme met renosterstropers? (1)

1.17. Hoeveel van die meesterbreine is al vasgetrek? (1)

1.18. Hoeveel mense is in 2011 in hegtenis geneem in verband met renosterstropery. (1)
[5]

EN

Kyk na die volgende kompetisie en beantwoord die vrae.

Wen ‘n naweek vir twee in die Stad van Rose

Vind liefde nou!

Bloemfontein in ‘n merkwaardige stad – waar die pragtige natuurskoon en die woelige stadslewe moeiteloos ineenstrengel.

Ook bekend as die Stad van Rose of in Sesotho as die Plek van Cheetahs, is Bloemfontein waarskynlik een van die mees onderskatte stede in die land. Niks kan verder verwyderd wees van die waarheid nie.

Bloemfontein bied ‘n oorvloed iets vir almal – van asemrowende argitektuur, kuns en handwerk tot sport, ontspanning, vermaak en natuurskoon.

Boonop is dit heerlik sentraal geleë van en na alle bestemmings landwyd.

Jy kan ‘n luukse naweek vir twee in die Protea Hotel Bloemfontein wen. Waar dan nou beter om ‘n romantiese wegbreek met jou geliefde te geniet as in die Stad van Rose?

Ingesluit by jou prys: Verblyf vir twee nagte op ‘n bed-en-ontbyt basis, aandete vir twee en ‘n romantiese afsluiting met ‘n komplimentêre bottel vonkelwyn. Geniet die wegbreek ten volle met ‘n komplimentêre laat-uitteken uit die hotel. Jy is verantwoordelik vir jou eie vervoer en persoonlike uitgawes.

NEEM SO DEEL: SMS die woord BLOEMFONTEIN, gevolg deur jou naam en van na 34922 vóór 17:00, Vrydag 27 Januarie. Elke SMS kos R1,50 en jy kan soveel keer deelneem as wat jy wil. Die borg sal die wenner kontak.

KLIK HIER of gaan na www.proteahotels.com/protea-hotel-bloemfontein.html vir meer inligting.

Deur: Huisgenoot, Maandag 06 Janarie 2012

1.19. Buiten as Stad van Rose, hoe staan Bloemfontein nog bekend? (1)

1.20. Watter twee opeenvolgende woorde sê dat mense nie werklik Bloemfontein se waarde besef nie? (2)

1.21. Wat beteken dit as ‘n stad sentraal geleë is? (1)

1.22. Watter ete is nie ingesluit by die prys nie? (1)

1.23. Wie is die borg van dié advertensie? (1)

1.24. Watter kostes moet deur die pryswenner self betaal word? (1)
[7]

TOTAAL AFDELING A: 30

AFDELING B: OPSOMMING

Vraag 2

Bestudeer die onderstaande wenke oor hoe om beheer oor jou gesondheid terug te neem en na jouself om te sien.

Instruksies:

- Som die wenke PUNTSGEWYS op deur SEWE feite in VOLSINNE in JOU EIE WOORDE te formuleer.
- Laat reëls oop tussen die feite.
- Jy mag nie meer as 80 woorde gebruik nie.
- Dui die woorde gebruik, eerlik aan die einde aan.
- Dui enige beplanning/eerste poging duidelik aan deur 'n lyn daardeur te trek.

WINTERGESONDHEID

Die koue seisoen hoef nie 'n tyd te wees waarteen jy opsien omdat jy bang is vir verkoue, griep en ander kwale nie. Gebruik eerder die kans om beheer oor jou gesondheid terug te neem deur van kop tot tone na jouself om te sien.

Winter is die seisoen van die jaar wanneer ons meer na binne leef. Die ongure weer dwing ons om meer binnenshuis te bly, rustig te raak en met ons eie gedagtes besig te wees. Daarom is dit die ideale tyd om aan jou innerlike mens en algemene gesondheid te werk.

Moderne gesondheidsorg erken dat ons soveel meer is as net ons fisieke liggaam. Ons verstand, emosies en siel vorm 'n integrale deel van ons menswees. Om werklik jou volle potensiaal te ontwikkel en gelukkig en gesond te wees, moet 'n mens aandag aan al hierdie aspekte van jou menswees gee.

Dit is nie meer net genoeg om 'n voorskrif by 'n dokter te kry as jy siek is nie. Tree proaktief op deur beheer oor jou gesondheid te neem en jou liggaam, siel, emosies en verstand in balans te bring.

Ons denkpatrone speel 'n belangike rol in gesondheid. Lang, stresvolle tye kan lei tot fisieke simptome soos koorsblare, verkoue en griep. Raak dus bewus van gewoontevormende gedagtes. Is jy meestal positief of negatief ingestel?

Moenie fokus op die verlede of jou bekommer oor die toekoms nie. Vermy negatiewe gedagtes en gesprekke.

'n Gesonde lyf is een waarin boodskappe vlot gelei word van die een ligggaamsel na die ander. Jou liggaam is heeltyd besig om interne balans te handhaaf. Jy kan die proses aanhelp deur jou ruggraat regop en gebalanseerd te hou en gereelde strekoefeninge te doen. Dit laat die spiere, ligament en skelet soepel en maklik beweeg en hou jou boonop jonk.

Die nuwe terrein van epigenetika wys ons dat die selmembraan en die reseptors daarop belangriker is vir ons gesondheid as die selkern en genetiese kode van die DNA.

Dis wonderlik om te weet jy is nie die slagoffer van jou gene nie, maar in beheer van jou selfunksie. Jy kan jou selfunksie gesond hou deur 'n dieper en voller geestelike lewe, positiewe denkpatrone en optimale voeding (deur die regte voeding, suurstof en water aan die stelle te voorsien) en gereelde ontspanning.

Jy kan jou lyf ondersteun deur vars, organiese kos te eet. Drink elke dag genoeg suiwer water en gebruik voedselaanvullings. Oorweeg massering, waterterapie, homopatie of natuurlike medisyne wanneer jy heling nodig het, eerder as antibiotika of voorgeskrewe medikasie, wat moontlik newe-effekte het.

Dis altyd 'n goeie idee om te ontgif. Dit gee jou lewer en spysverteringstelsel 'n vakansie en suiwer jou gemoed! Omgewingsbesoedeling, kwale en stres kan veroorsaak dat jou lewer ekstra hard moet werk om van gifstowwe ontstae te raak. Hoe beter toksiene en afvalstowwe uitgeskei en verwerk word, hoe gesonder en jonger voel ons.

Jou diepste wese is jou siel, jou direkte skakel met God. Jou innerlike wese is 'n noodsaaklike bestanddeel vir optimale gesondheid. Daarom is stilwordtyd so broodnodig soos asemhaling! Jou siel moet gevoed word deur daaglikse gebed, kontak met die natuur en 'n verhouding van dankbaarheid teenoor God en jou geliefdes.

Onthou, jy is in beheer van jou gesondheid. Bou die liggaam en siel op, sodat jy minder vatbaar is vir infeksies. En geniet die koue seisoen!

Verwerk uit: Taalgenoot – Winter 2011

TOTAAL AFDELING B: 10

AFDELING C: TAAL

Vraag 3

Lees die onderstaande tekste en beantwoord die vrae wat daarna volg.

Oor drywers en duiwels

1. "Stres skep 'n kranige kwota aggressiewe drywers", sê dr. David Maree, hoof van verkeersnavorsing by die RGN. Hy breek 'n lansie vir die taxibus-bestuurders wat so rof deur die verkeer saagtand en sonder waarskuwing op enige plek stilhou as 'n passasier wil inklim of uitklim. Dis in 'n groot mate oor die eienaars hulle druk om 'n vasgestelde aantal passasiers per dag te vervoer.
2. Hier in Suid-Afrika kom die billike bestuurder nog betreklik lig af van die padbuffel se woede-uitbarstings.
3. Kom ons wees eerlik: ons paaie wemel van die agterbakse aggressiewe bestuurder wat vreeslik lekker kry as hy sy medebroer en –suster kastig onbewustelik tot die uiterste frustrasie opwerk.
4. Dis hy wat op 'n nasionale pad met selfs vier bane kilometers ver in die heel regterkantste blitsbaan voor jou aankarring teen heelwat minder as die toegelate spoedgrens.

Aangepas uit: Insig

3.1. Gee 'n beter Afrikaanse woord vir "drywers" in die opskrif. (1)

3.2. Gee die meervoud vir "kwota" (par. 1). (1)

3.3. Van watter woord is "aggressiewe" (par. 1) afgelei? (1)

3.4. Verkort die sinsnede "wil inklim of uitklim" (par. 1) deur van skryftekens gebruik te maak. (1)

3.5. Gee die afkorting vir kilometer (par. 4). (1)

3.6. Skryf die verkleiningsvorm vir "Maree" (par. 1) neer. (1)

3.7. Wat is die betekenisfunksie van die voorvoegsel "on" in die woord "onbewustelik" (par. 3)? (1)

3.8. Skryf die vergrotende trap van "rof" (par. 1) neer. (1)

3.9. Skryf die sin: "Hier in Suid-Afrika kom die billike bestuurder nog betreklik lig af van die padbuffel se woede-uitbarstings" (par. 2) in die ontkennende vorm. (1)

3.10. Herskryf die volgende sin in die lydende vorm.
Hy breek 'n lansie vir die taxibus-bestuurders. (par. 1) (1)

3.11. Skryf dr. David Maree se woorde in par. 1 oor in die indirekte rede.
Begin met: *Dr. David Maree sê ...* (2)

3.12. Skryf 'n sinoniem vir "agterbakse" (par. 3) neer. (1)
[13]

Koerante wêreldwyd belewe 'n opbloei ondanks TV en internet

1. KAAPSTAD. – Koerante wêreldwyd belewe na 'n **<u>resessie</u>** 'n opbloei. Televisie en die internet kon die koerantbedryf nie verswak nie en die gedrukte woord handhaaf homself. Koerante is weer 'n kragtige medium en vaar **<u>(finansieel / finansieël)</u>** goed.
2. Só het mnr. Timothy Balding direkteur-generaal van die Wêreldvereniging van Koerante op die vereniging se konferensie in Zürich Switzerland gesê.
3. Die vrese van uitgewers dat hulle groot getalle lesers sou verloor, is nie waar nie.
4. Die talle nuwe radio- en televisieprogramme en die al hoe vinniger verspreidende internet het die gedrukte woord nie verdring nie, sê Balding.
5. Vandag word byna niks minder gelees as vroeër nie, volgens die gerespekteerde Duitse medianavorser Wolfgang Darschin. Dit geld ook vir boeke, sê hy.
6. "Baie mense het al voorspel die boek in die Weste is besig om onder te gaan". Maar boeke word gekoop "soos nooit tevore nie".
7. Ook 'n ondersoek in opdrag van die ARD en die oorhoofse kontroleurs van die private TV in Duitsland dui daarop dat die pers nie juis van die elektroniese media iets te vrees het nie.
8. Die ure wat daagliks afgestaan word aan die lees van boeke, koerante en tydskrifte, sal volgens die ondersoek weliswaar oor die volgende vyftien jaar effens **<u>afneem</u>**, maar die uitgawes vir die verbruikers van dié ou media sal "absoluut stabiel bly".
9. By jongmense groei blykbaar die vermoë om "binne 'n korter tyd meer inhoud in te neem en te verwerk". Watter ander keuse het hulle immers, aangesien die aantal media as gevolg van die internet en derglike ontwikkelings al hoe groter word, sê Darschin.
10. Die uitgewers is nogtans bekommerd oor die lesers van môre. In Duitsland lees nog net effens minder as die helfte van alle 14– tot 29-jariges gereeld 'n koerant. In die begin van die vorige dekade het nog twee derdes van dié groep dit gereeld gedoen.
11. Maar die afname is nou stopgesit, is gesê in 'n projek "Koerant in die Klaskamer" waarmee Duitse uitgewers poog om koerante vir die jong geslag **"smaaklik"** te maak.
12. Al hoe meer jongmense gebruik die internet. Darschin beskou dit as 'n goeie geleentheid vir

koerante. Hulle kan probeer om die lesers wat hulle aan die internet afgestaan het, deur dié media weer "op te vang", sê hy.

Aangepas uit Die Burger

3.13. Wat noem ons die inwoners van Kaapstad? (par. 1) (1)

3.14. Gebruik die sin: "Baie mense het al voorspel die boek in die Weste is besig om onder te gaan", om die volgende te beantwoord:

3.14.1. Skryf die onderwerp neer. (1)

3.14.2. Brei die sin uit deur 'n byvoeglike bysin by die voorwerp te voeg. (1)

3.15. In die woordeboek word die volgende inligting aangaande die woord "resessie" (r. 1) gegee:

re-ses'sie (-s)
1. **Teruggang, insinking.**
2. **(ekon.) Periode van verminderde algemene ekonomiese bedrywighede, gekenmerk deur 'n afname in produksie, winste, werkgeleenthede en verkope, wat nie so ernstig of langdurig is as 'n depressie nie. 'n Resessie in nywerheidsontwikkeling. [L. Recessus.; re + cedere = *gaan*.]**

3.15.1. Van watter taal is die woord "resessie" afkomstig? (1)

3.15.2. Wat beteken die woord in daardie taal? (1)

3.15.3. Skryf die woord "resessie" neer en onderstreep die lettergreep wat die hoofklem dra. (1)

3.16. "Geleentheid" (par. 2) en "verleentheid" word dikwels verwar of verkeerdelik gebruik. Maak nou sinne met albei woorde sodat die betekenisverskil duidelik sal wees.

3.16.1. Geleentheid. (1)

3.16.2. Verleentheid (1)

3.17. Verander die volgende sin in 'n algemene vraagsin sonder om ander woorde by te voeg.

Vandag word byna niks minder gelees as vroeër nie, volgens die gerespekteerde Duitse medianavorser Wolfgang Darschin (par. 5). (2)

3.18. Skryf die oortreffende trap van "oud" (par. 8) neer. (1)

3.19. Watter implisiete boodskap word deur die koerante ten opsigte van lees aan die lesers oorgedra? (1)

3.20. Wat word 'n persoon wat lief is vir lees, genoem? (1)

3.21. Skryf 'n antoniem vir die woord "afneem" (par. 8) neer. (1)

3.22. Verskaf die korrekte spelling van die woord tussen hakies:
Koerante is weer 'n kragtige medium en vaar (finansieel / finansieël) (par. 1) goed. (1)

3.23. Vervang die woord "weliswaar" in paragraaf 8 met 'n meer neutrale woord. (1)

3.24. In paragraaf 7 kom die meervoud van "medium" naamlik "media" voor. Gee nou die ander meervoud wat dieselfde betekenis het. (1)
[17]

TOTAAL AFDELING C: 30

GROOTTOTAAL: 70